# Grootdoop en kinderdoop

*DR Fouché, Potgietersrus*
*Jan J van der Walt, Potchefstroom*

ABSTRACT

**Adult and infant baptism**

*This article emphasises that the Scripture does not differentiate essentially between adult and infant baptism. Although in the New Testament adult baptism appears to be of prime importance, the New Testament aslo gives ample grounds for the justification of infant baptism.*

*The Bible in fact speaks of only one baptism which is the baptism in the Name of the Father, the Son and the Holy Spirit. Baptism is not something that belongs to adults or infants but in fact is exclusively Gods baptism that is administered to both adults and infants depending on the circumstances.*

*The different arguments in favour of adult baptism are examined to determine if, or to what extent, postponed baptism, and re-baptism has been a misinterpretation of the New Testament.*

*In the words of Luther, to be rebelievers and not rebaptisers, this article appeals to all disputants to fight the battle of faith as mature Christians rather than keep arguing childishly about the pros and cons of infant or adult baptism*

OPMERKING

Die volgende beperking moet duidelikheidshalwe vooraf gestel word: hierdie artikel vorm 'n integrerende deel van 'n hele reeks waarin die doop eksegeties, dogmahistories, dogmaties, prakties en liturgies deur verskillende skrywers breedvoerig behandel word. Derhalwe val sake soos onder andere die instelling van die doop, die ontwikkeling van die doopleer, insluitend Barth se doopbeskouing, buite die bestek van hierdie artikel. Aspekte soos die verhouding doop/besnydenis en die plek van die verbond in die doop word net oorsigtelik belig om oorvleueling te voorkom.

1. INLEIDING

Die doop wat gedurende die Reformasie in die brandpunt van die stryd om die suiwere bediening van die sakramente gestaan het, is vandag meer as ooit die skyf van felle aanslae. Vraag 74 van die Heidelbergse Kategismus: "Moet die jong kinders óók gedoop word?", is nog net so aktueel soos blyk uit die geweldige groei en aanhang van die Baptistiese groepe met hulle sterk aanslag op die eeue-oue praktyk van die kinder-doop, asook uit die toenemende neiging tot oordoop. Die ergste is dat die doop wat alle Christene wêreldwyd met mekaar deel, besig is om een van die mees verdelende faktore in die Christendom te word.

Gedurende die afgelope aantal jare het hierdie verdeling diep in die hart ook van ons drie Afrikaanse gereformeerde kerke ingesny. Selfs predikante is meegevoer om hulle te laat oordoop met al die kerkregtelike implikasies daaraan verbonde.

Die kern van die stryd bly nog die vraag of die kinderdoop *naas* die grootdoop ook reg is (Kakes, 1953:95), met ander woorde dit gaan oor die Skríftuurlikheid al dan nie van die kinderdoop. Net soos in die Reformasie woed die stryd nog steeds rondom die kwessie van die geloof as voorvereiste om gedoop te word.

Dit lyk vir my heel logies, chronologies en boonop minder apologeties om in ooreenstemming met die tema, eers aandag te gee aan die doop van volwassenes in die Nuwe Testament, om daarna aan te toon dat die kinderdoop wel deeglik op die Skrif berus ten einde te probeer vasstel waar die dwaling van die voorstanders van die uitgestelde doop en van die oordoop se wortels lê.

Vir die doel van hierdie bespreking word onder grootdoop verstaan om slegs volwassenes te doop wat eers hulle geloof kan bely, hetsy voor hulle eerste doop of voor hulle oordoop. Onder kinderdoop word verstaan die gebruik om die gelowiges se kinders wat nog nie self hulle geloof kan bely nie, te doop.

## 2. GROOTDOOP STAAN VOOROP IN DIE NUWE TESTAMENT

Vir enige Bybelse gegewens oor die doop – hetsy grootdoop of kinderdoop – is ons slegs op die Nuwe Testament aangewese eenvoudig omdat Israel nog net die besnydenis geken het (Bijlsma, 1977:17).

Die doop in die Nuwe Testament begin vanselfsprekend by volwassenes, net soos wat die verbond in die Ou Testament met Abraham as volwassene gesluit is. Net so min as wat ons aan Abraham sou kon vra waarom hy nie besny is toe hy *klein* was nie, sou ons aan die drieduisend mense op Pinkster kon vra waarom hulle nie gedoop is toe hulle nog kindertjies was nie. Uiteraard was dit volwassenes tot wie die Evangelie vir die eerste keer gekom het. Dit is te begrype, want dit was 'n *begin*-situasie, die tyd waarin die Christelike kerk gestig is en op bevel van Christus (Matt 28 : 19) uitgebrei moes word. Volwassenes, bekeerlinge uit die Jodedom en heidendom moes gedoop word nadat hulle hulle geloof bely het. Die Christelike kerk was aan die begin uitsluitlik 'n sendingkerk en moes uit bekeerde Jode en heidene gestig word (Malan, 1986:85). In die Nuwe Testament is die doop daarom aanvanklik die grootdoop (Floor, 1983:10). Dit is tegelyk die rede waarom daar in die Nuwe Testament só min oor die kinderdoop voorkom.

In die reël is huisgesinne in hulle geheel gedoop. Enkelinge wat op volwasse leeftyd nog sonder 'n gesinsverband was en hulle by die kerk gevoeg het, is egter ook gedoop, byvoorbeeld Paulus en die kamerling van Etiopië (Bijlsma, 1977:83). Sodanige doop van bekeerde volwassenes wat vanaf die begin van die vroeë Christelike kerk beoefen is, is dwarsdeur die eeuelange geskiedenis van die kerk nooit betwyfel nie. Van die gebruik om volwassenes wat vir die eerste keer tot die geloof kom, te

doop, het die kerk ook nooit afgewyk nie. Vandag is dit nog steeds gebruiklik om volwassenes ná bekering en belydenis te doop. Die kerk is dus nie teen grootdoop nie, inteendeel, daar bestaan naas die formulier om die doop aan die kinders van die volwassenes te bedien, 'n afsonderlike formulier vir die doop van volwassenes.

## 3. DIE NUWE TESTAMENT GEE GRONDE VIR DIE KINDERDOOP

Daar is nie 'n *spesifieke teks* in die Bybel wat die kinderdoop uitdruklik voorskryf nie. Daar is ook nie 'n spesifieke teks wat die kinderdoop uitdruklik *verbied* nie (Barnard, 1984:49). Dit wil egter nie sê dat die Skrif nie die *grondelemente* vir die kinderdoop bevat nie. Alles kom aan op die *regte gebruik* van die Skrif waardeur die ware gees en *bedoeling* na vore kom.

### 3.1 *Kinders is ingesluit in die genadeverbond*

Om die leer van die doop te kan begryp, moet dit gesien word as integrerende deel van God se verlossingsplan. Derhalwe moet die kinderdoop allereers geplaas word binne die raamwerk van die verbond. Sonder inagneming van die ingrypende betekenis van die verbond, kan die doop nooit in perspektief gesien en derhalwe verstaan word nie. Die kinderdoop is immers 'n teken en seël van die verbond waarin God nie slegs vir die redding van volwassenes voorsiening gemaak het nie, maar waarin die belofte van redding vir die kinders van die gelowiges ook sigbaar gestalte kry.

Alreeds in die Ou Testament neem God die kinders van die gelowiges saam met hulle ouers in die genadeverbond op. Die grondslag lê in die moederbelofte (Gen 3 : 15) waar die Here vyandskap tussen die saad (nageslag) van die vrou en die saad (nageslag) van die slang stel. By Abraham word die belangrikheid van die kinderdoop nog duideliker. God wil naamlik nie net vir Abraham 'n God wees nie, maar ook vir sy *nageslag* (Gen 17 : 7; Gal 3 : 16). Daarom het die Here die besnydenis as teken van sy verbond met Abraham en sy nageslag ingestel (Gen 17 : 8). Die Bybel is deurtrek met hierdie betrokkenheid van die *nageslag* by die verbondsbeloftes (vergelyk onder andere Deut 30 : 6; Ps 77 : 9; Hand 2 : 39).

#### 3.1.1. *Kinders ontvang die verbondsbeloftes*

Met die verbondsbeloftes staan of val die kinderdoop. Daarom beroep die Heidelbergse Kategismus (vraag 74) met sy antwoord op die vraag: "Moet die jong kinders ook gedoop word?", hom allereers op die *verbondsbeloftes*. Die verbond met sy ryke inhoud en beloftes is tegelyk die dampkring waarin die kinders moet opgroei. Die Here het self bepaal dat die kinders ook die beloftes van die verbond moet ontvang. "Wat God *belowe* het, is vir *julle* én julle *kinders* en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep" (Hand 2 : 39). Ook die kinders moet deel hê aan die seën van die doop al verstaan hulle daar net so min van as van hulle aandeel aan die verdoemenis in Adam (Doopformulier).

Reeds in die Ou Testament het die Here talle beloftes van spesifieke seëninge aan die kinders van die gelowiges verbind:

- "Die goedertierenheid van die Here is van ewigheid tot ewigheid en sy geregtigheid vir kindskinders . . . " (Ps 103 : 17);
- "die geslag van die opregtes (dit wil sê hulle kinders) sal geseën word" (Ps 112 : 2);
- "Hy sal diegene seën wat die Here vrees, die kleintjies saam met die grotes" (Ps 115 : 13);
- "Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge" (Jes 44 : 4),

om maar 'n paar te noem. Genoemde seëninge was nie net tot aardse dinge beperk nie, maar het ook gesien op die geestelike lewe.

3.1.2. *Die ou en nuwe verbond is één*

Enige diskussie oor die kinderdoop moet noodwendig uitloop op 'n standpuntinname oor die eenheid tussen die ou en nuwe verbond. In hierdie eenheid lê daar 'n sterk grond vir die kinderdoop. Hiedie eenheidsgedagte loop deur die hele Bybel. Jesus gaan self daarvan uit deur na die Skrifte wat van Hom getuig, te verwys (Joh 5 : 39). Hierdie Skrifte is ongetwyfeld die hele Ou Testament (vergelyk Matt 21 : 42; Mark 12 : 24; Luk 24 : 32).

Die beloftes aan Abraham wat vir die hele Ou Testamentiese Kerk gegeld het, is ook op die Nuwe Testamentiese Kerk van toepassing, aangesien daar basies net een verbond is met twee bedelinge, naamlik die ou en die nuwe bedeling. Sowel Luther as Calvyn het al tydens die Reformasie die handhawing van die kinderdoop gefundeer in die wesenlike eenheid tussen die Ou en Nuwe verbond wat uitkom in die wesenlike eenheid van kinderbesnydenis en kinderdoop.

Hierdie substansiële eenheid bestaan daarin dat:

- die God van die ou verbond ook die God van die nuwe verbond is,
- dit dieselfde geloof is (Heb 11) waarvan Jesus die opperste Leidsman is (Heb 12), wat in albei na vore kom,
- die beloftes wat heenwys na die vervulling in Christus, dieselfde is as gevolg van die eenheid en kontinuïteit van die verbond met Abraham en die nuwe verbond (vergelyk Gal 3; Kol 2; Rom 4),
- selfs die terme wat die Bybel in verband met die besnydenis en doop gebruik, die eenheid van die ou en nuwe verbond bevestig.

Enersyds word daar in die Nuwe Testament besnydenisterminologie gebruik vir die doop (Kol 2), en andersyds word daar doopterminologie vir die besnydenis gebruik (Rom 4 : 11).

3.2 *Die doop het die besnydenis vervang*

Die wesenlike eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament is op sigself al 'n baie sterk grond vir die aanvaarding dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het (Malan, 1986:89). Dit was ook een van Luther (W.A. 6,532) en Calvyn (Institusie 4,16,3) se hoofargumente in hulle handhawing van die kinderdoop. Ook Zwingli (Von der Taufe, 4,333) het dit as argument aangevoer teen die Dopers.

Weens die direkte eenheidslyn tussen die besnydenis en die doop, is dit te begrype dat albei dieselfde inhoud en betekenis sal hê. Jansen (1958 : 30) het die oorgang van die besnydenis na die doop treffend só uitgedruk: "Die besnydenis eindig in Christus se dood, die doop begin by sy doop."

Die besnydenis is egter nie deur die doop vervang ten koste van kontinuiteit nie, maar het juis heilshistories vervulling gevind in die doop. In die doop word dieselfde waarheid as in die besnydenis net nog duideliker afgeteken en verseël.

3.3 *Die kinderdoop berus op die Skrif*

Net soos daar vir die doop van volwassenes Bybelse grond is, net só is daar Bybelse grond vir die doop van die *kinders* van die gelowiges.

3.3.1. *Kinders was inbegrepe by die huisdope in die Nuwe Testament*

Op vyf verskillende plekke in die Nuwe Testament lees ons dat gesinne in hul geheel deur die doop in die Christelike kerk ingelyf is, naamlik:

★ Kornelius en sy huis (Hand 10 : 22 - 23);
★ Lidia en haar huisgesin (Hand 16 : 14 - 15);
★ Die tronkbewaarder van Filippi en sy mense (Hand 16 : 33);
★ Krispus en sy hele gesin (Hand 18 : 8);
★ Stefanas en sy huisgesin (1 Kor 1 : 16).

In die genoemde gevalle – waaroor daar baie verskil van mening bestaan – is dit nie ter sake of daar kinders in daardie "huise" of huisgesinne was, en of dit kinderlose gesinne was nie. Wat belangrik is, is dat die apostels ons met die term "huis" hier verplaas in die gedagtewêreld van die Ou Testament, waarvolgens onder "huis" (oikos) *normaalweg* verstaan is vader, moeder, al die kinders, ook grootvader en grootmoeder, en selfs die slawe en slavinne met hulle huisgesinne (Gen 7 : 1; 45 : 11; Deut 14 : 26; Gen 12 : 17; 18 : 19; Lev 16 : 6; Num 18 : 31). Die gesinne was dus 'n innige verbondsgemeenskap en almal binne die gemeenskap is gedoop (Hand 16 : 31, 33).

3.3.2. *Jesus se bemoeienis met die kindertjies*

Die geskiedenis waar Jesus die kindertjies ontvang en geseen het, die sogenaamde "kinderevangelie" (Matt 19 : 13- 15; Mark 10 : 13 - 16; Luk 18 : 15 - 17) – is reeds van vroeg af deur die Christelike kerk as een van die vernaamste gronde vir die kinderdoop verstaan.

Calvyn is in sy kommentaar op Matt 19 : 14 van oordeel dat daar uit Jesus se handoplegging op die kinders volg dat hulle deur die Gees tot die hoop van die saligheid wedergebore is. Ridderbos (1946 : 60) sien in die handoplegging "een inroepen van de gunst Gods voor de kinderen."

3.4 *Aanduidings van die kinderdoop kom voor in die vroeë kerkgeskiedenis*

– *Justinus Martyr* (89-166 n.C.) skryf in sy Twisgeprekke met die Joodse Trypho: "Ons het die toegang tot God nie deur die vleeslike, maar deur die geestelike besnydenis, naamlik deur die doop, ontvang." Verder verklaar hy in sy *Apologie* (± 165 n.C.) dat die doop in die plek van die

besnydenis gekom het, en hy verwys na manne en vroue wat van kindsbeen af Christene was.

– *Tertullianus* (± 160-220 n.C.). Uit Tertullianus se kritiek teen die kinderdoop kan afgelei word dat die kinderdoop toe al 'n bestaande kerklike praktyk was, want hy kom nie in opstand teen iets nuuts wat in die kerk posgevat het nie (Tertullianus, De anima, 210, 213).

– *Origenes* (185-254 n.C.). Hy het drie belangrike uitsprake in verband met die kinderdoop gemaak in sy kommentaar op die brief aan die Romeine (Comm. in ep ad Rom V, 98 – VI, 5-7):
1. "Dat die doop volgens die reël van die kerk ook aan die klein kinders bedien word;
2. "Dat hy die doop van die kindertjies vanweë die erfsonde nodig ag;
3. "Dat die kerk van die apostels die oorlewering ontvang het om ook die kinders te doop."

– *Augustinus* (354-430 n.C.) vermeld uitdruklik in sy *De Baptismo contra Donatum* (4,24,31) die apostoliese gesag van die kinderdoop en verklaar die verband van die kinderdoop en die besnydenis.

Die kinderdoop was dus in die vroeë kerkgeskiedenis al goed bekend.

### 3.5 *Die verhouding tussen die doop en geloof is 'n wedersydse betrokkenheid*

Al die probleme in verband met die doop sentreer om die verhouding tussen doop en geloof. Die aanvaarding van die kinderdoop roep logies noodwendig die vraag op of die verhouding geloof/doop nie omgekeer is tot doop/geloof nie.

#### 3.5.1. *Die eenheid tussen doop en geloof*

Om uit die gevalle waar mense wat uit die Jodedom en heidendom gekom het, groot gedoop is, af te lei dat die Bybel 'n bepaalde chronologiese orde voorskryf, is om die Skrif te misbruik. Die eenheid van geloof en doop lê vir Floor (1983:27) in Markus 16 : 16 nie in die onderlinge *afhanklikheid* van geloof en doop nie, maar in die gesamentlike betrokkenheid van die geloof en die doop op die verkondiging van die evangelie (Mark 16 : 15). Die betrokkenheid doop/geloof is sodanig dat die weldade van die doop alleen in en vir die geloof waar is. In die Nuwe Verbond, soos in die Oue, is die mens se geloof nooit die absolute voorwaarde vir die ontvang van die teken nie. Waar die volgorde by die begin van die verbondsluiting eers die geloof, dan die doop is, is dit by die voortgang van die verbond, éérs doop, dan geloof.

In Markus 16 : 16 gaan dit nie daaroor of iemand gedoop is of nie, maar of hy glo. Hier word nie 'n chronologiese orde voorgeskryf nie. Die teëstelling is *nie*: wie glo, word gedoop en dus gered nie, maar die teëstelling is juis: wie *nie* glo nie, gaan verlore.

#### 3.5.2. *Die aard van die kindergeloof is die brandpunt van die probleem van die kinderdoop*

Deur die eeue is daar verskillende oplossings voorgestel:
– 'n *onbewuste* kindergeloof, nie-waarneembaar;

- aanwesigheid van 'n *vermoë* tot geloof;
- wedergeboorte, waaruit geloof ontspring;
- geloof van die ouers of gemeente.

Hierdie "oplossings" waarin dit om 'n blote *aanwesigheid* van die geloof gaan, in plaas van om die *funksie* van die geloof, is onaanvaarbaar, want in die verdienstelike poging om die prinsipiële identiteit van die kinderdoop en volwassedoop te probeer handhaaf, word die korrelasie geloof/doop ten diepste tog verander (Heyns, 1981:343).

Vanselfsprekend is die kindertjies nie tot bewuste, persoonlike geloofsbeslissing in staat nie. Dit wil egter nie sê dat hulle aan minder weldade as hulle ouers deel het nie. Voor God is hulle "selfs sonder dat hulle dit weet" ook gelowiges, al moet hulle wat hulle in Hóm het, eers later ook nog in hulleself kry (Heyns, 1981:343). By kinderdoop gaan dit nie primêr om geloof *in* die kind nie, maar om geloof *rondom* die kind (Douma, 1979:117). Kinderdoop is 'n doop vir die kinders van gelowiges! (Floor, 1983:29.)

Die geloof van die ouers en die doop van die kinders, is albei op die beloftewoord van God betrokke (Floor, 1983:30). En juis van hierdie belofte is die doop mos teken en seël! Dit is dus nie nodig om 'n bewuste geloof by die kinders te veronderstel nie.

3.6 *Gevolgtrekkings*

- Die kinderdoop kom ooreen met die instelling van die doop deur Christus, asook met die aard, doel en betekenis van die doop.
- Die eenheid en samehang tussen die ou en nuwe verbond – eerder as 'n enkele losstaande teks – bevestig bo alle twyfel die geldigheid van die kinderdoop as teologiese beginsel.
- Die logiese afleiding, uit die feit dat daar nêrens van die kinderdoop as 'n nuwe praktyk melding gemaak word nie, is dat die kinderdoop vanaf die ontstaan van die kerk so vanselfsprekend as kerklike praktyk gegeld het dat 'n spesiale voorskrif daarvoor oorbodig was.
- Al is die geskiedenis op sigself nie 'n regstreekse verwysing nie, is dit nogtans 'n betroubare *heen*wysing na die kinderdoop.
- Al kan daar nie 'n spesifieke teks in die Bybel vir die kinderdoop aangedui word nie, is daar nietemin genoegsame historiese, dogmatiese, eksegetiese en teologiese gronde vir die handhawing van die kinderdoop.

Omdat die Bybel uitdruklik leer dat die kinders op grond van God se genadeverbond ook erfgename is, kan en mag en moet hulle as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word aangesien hulle net so goed as die volwassenes:

- in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit is (Gen 17 : 7);
- aan die verbondsbeloftes deel het (Matt 19 : 4), en
- net so goed as die volwassenes aan die Heilige Gees wat die geloof werk, deel het (Ps 22 : 11; Jes 44 : 1 - 3; Luk 1 : 15; Hand 2 : 39).

## 4. GROOTDOOP WORD GEEIS TEN KOSTE VAN KINDERDOOP

### 4.1 *Argumente vir grootdoop in die plek van kinderdoop*

Die vroegste kritiek teen die kinderdoop wat opgeteken is, kom van die kerkvader Tertullianus (150-200) wat dit teëgestaan het op grond van veral die ongewenstheid om klein kindertjies onder die moeilike eise van die doop te stel (Berkhof, 1969:248).

In ons tyd het die opkoms en verbreiding van die Pinksterbeweging en later die Pentekostalisme die diskussie oor die kinderdoop weer sterk laat opvlam. Die Baptiste met hulle belydenis van geloof as absolute voorwaarde vir die doop, is tans die ernstigste bestryders van die kinderdoop.

### 4.2 *Grootdoop as 'n uitgestelde doop*

Een van die bekendste manifestasies van grootdoop is die uitgestelde doop.

#### 4.2.1 *Hul vernaamste argument*

Die klem van die Nuwe Testament op geloof vóór doop kan, oppervlakkig beredeneer, lei tot 'n standpunt dat die kinders nie klein gedoop mag word nie omdat hulle dan nog nie kan glo nie en derhalwe nog nie hulle geloof kan bely nie. Die doop moet daarom uitgestel word tot die kind later self persoonlik belydenis van geloof kan doen.

#### 4.2.2 *Beoordeling*

– Op individualistiese wyse word die historiese verbondsordening in die lyn van die geslagte verbygegaan, terwyl al die klem op die noodsaaklikheid van persoonlike geloofsbelydenis gelê word.
– Sonder 'n oog vir die onlosmaaklike eenheidsband tussen die Ou en Nuwe Testament word die ou verbond gedevalueer, terwyl die beslissing oor die kinderdoop juis by die regte waardering van die Ou Testament val.
– Die doop word verstaan as 'n menslike daad, in antwoord op God se genade, terwyl dit in die doop primêr God is wat met die mens handel.
– Die onvoorwaardelike eis van 'n spesifieke teks waarin God beveel dat klein kinders gedoop moet word, getuig van 'n Biblisistiese gebruik van die Skrif sonder om die basiese hermeneutiese reëls vir Skrifuitleg in ag te neem. Dit is so goed as om te ontken dat die aarde draai omdat daar in Job 9 : 6 verwys word na die fondamente en pilare van die aarde! Die Bybel is nie 'n wetboek, 'n wetenskaplike handboek of 'n resepteboek nie, maar dit is die openbaringsbron van die Godskennis wat die grondbeginsels vir die verskillende leerstukke, soos onder andere die doop, bevat.
– Uitstel van die doop tot en met selfstandige belydenis, is ontvlugting van die nuwe regeringsverandering wat elke gedoopte ondergaan (Floor, 1983:25). Dit is in wese verwerping van God se gesag en is ten diepste ongehoorsaamheid, eiewilligheid en 'n verontagsaming van God se beloftes!

4.3 *Oordoop as vorm van grootdoop*

Onder "oordoop" word hier verstaan die gebruik om 'n persoon wat alreeds gedoop is, weer te doop.

4.3.1 *Agtergrondsmotiewe vir oordoop*

Verskeie agtergrondsmotiewe sou vir die oordoop onderskei kan word. Ons verwys hier slegs na 'n paar van die vernaamstes:

4.3.1.1 *Hefboom.* Die praktyk leer dat lidmate wat hulle laat oordoop reeds 'n geruime tyd ander redes gehad het waaroor hulle uit hulle betrokke kerk wou gaan, en dat die doop, omdat dit so 'n "aanvaarde omstredenheid" is, as hefboom gebruik word om hulle ánder redes te verberg (Barnard, 1984:95). Hulle verlaat dan mos hulle kerk met 'n edel, godsdienstige motief!

4.3.1.2 *Behoefte aan godsdiensbelewing.* In die koue, harde, rasionele lewe waarin die mens hom daagliks bevind, voel die gevoelsmens dat oordoop 'n antwoord op sy soeke na geloofsbelewing kan bied.

4.3.1.3 *Individualistiese motief.* Dikwels kom oordoop voor by lidmate wat behoefte aan 'n persoonlike, individuele bevestiging van hulle bekering het. Soms laat hulle hul selfs "in die geheim" doop.

4.3.1.4 *Klemverskuiwing.* Oordoop kom uit 'n teologiese agtergrond waar 'n duidelike klemverskuiwing plaasgevind het vanaf:

- die doop as genadegawe van God na oordoop as 'n demonstrasie van oorgawe aan God;
- van die doop as teken en seël van God se geregtigheid teenoor die mens, na oordoop as teken van die mens se eiegeregtigheid;
- van die opdrag van God aan die mens om hom te laat doop, na die eiewillige besluit van die mens wanneer hy voel om hom te laat doop;
- van die doop as seël van God se genade, na die doop as seël van die mens se bekering;
- van 'n kom van God drie-enig na die mens in die doop na 'n kom van die mens na God in die oordoop.

4.3.2 *Beoordeling*

4.3.2.1 Oordoop is *on*skriftuurlik. Nêrens in die Bybel is daar 'n voorbeeld van iemand wat reeds die *ware* Christelike doop ontvang het, wat oorgedoop is nie.

4.3.2.2 Oordoop is *on*gehoord. In die vroeëre kerkgeskiedenis is mense wat reeds gedoop is, nie weer gedoop nie.

4.3.2.3 Oordoop is *on*bevredigend. Dit bied nie groter geloofsekerheid nie. Die ryke beloftes van die kinderdoop bied reeds genoegsame troos en versekering.

4.3.2.4 Oordoop is *on*nodig. Die krag van die doop lê nie in die herhaling van die doop nie, maar in die beloftes van die doop. En die *geloof* aan die beloftes is onverliesbaar.

4.3.2.5 Oordoop is *on*logies. Terwyl die oordoop moet bewys hoe getrou en gehoorsaam-gelowig iemand is deur hom te laat oordoop, sê die daad

eintlik: "Ek bewys hoe ontrou ek aan my eerste doop is en hoe *ongelowig* ek die beloftes van die God van my doop bejeën."

4.3.2.6 Oordoop is *on*duldbaar. Dit tas die heiligheid van die sakrament as Goddelike instelling aan en trek as 't ware 'n streep deur God se verbondsbeloftes aan die kinderrs van die gelowiges asof dit nie gegee is nie.

4.3.3 *'n Behoeftebepaling*

Wat nodig is, is nie 'n nuwe doop in die sin van nóg 'n doop nie, maar doopvernuwing in die sin van 'n nuwe uitleef van ons doop. Nie bolangse, emosionele *oplewing* nie, maar 'n grondige *belewing* wat spruit uit die krag van die Woord en die vernuwing van die Gees in en deur die suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug. Betekenisvol merk Coetzee (Die Krant, 1(5):6, 13 Okt. 1982) op dat die diepste wortel van die bevraagtekening van die kinderdoop in die verwaarlosing van die tug lê. As ouers wat in ongeloof soos heidene leef, tugteloos in die kerk aanvaar word, vermenigvuldig die vraagtekens rondom die doop!

Hierdie vernuwing behels onder meer:

- vernuwing ten opsigte van ons kennis en insig in die wese en betekenis van die doop;
- vernuwing in die belewing van die krag en troos van die doop;
- vernuwing van die lewenswandel van die gedooptes.

Die kern van al die argumente oor die oordoop, trek saam in die *aard* van die doop wat kragtens die instelling van Christus *eenmalig, onverganklik en derhalwe onherhaalbaar* is. Hierdie beskouing is in ooreenstemming met die kerk se eeue-oue gemeenskaplike belydenis, soos vervat in Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34.

4.4 *Gevolgtrekking*

- Die verskillende kerke stem geredelik saam oor die doop van volwassenes wat vir die eerste keer tot geloof gekom het, anders sou volwassenes uit die heidendom nie gedoop kon word nie. Die probleem kom egter wanneer die grootdopers van die werklike Bybelse teëstelling tussen gelowige volwassenes met hulle kinders aan die een kant en ongelowige volwassenes met hulle kinders aan die ander kant, 'n onbybelse teëstelling tussen volwassenes en kinders maak deur die kinders sonder meer uit te sluit.
- Grootdoop as uitgestelde sowel as oordoop berus op 'n wanopvatting van grootdoop sowel as van kinderdoop in die Nuwe Testament.

5. SLOT

Die onderwerp grootdoop en kinderdoop, wil ons opnuut herinner dat dit nie grootdoop OF kinderdoop is nie, maar grootdoop ÉN kinderdoop. Primêr is dit God se doop, nie grootmense of kinders se doop nie. Die Bybel ken per slot van rekening net één doop en dit is die Christelike doop.

Die Skrif leer grootdoop, maar nie sonder meer nie.

Die Skrif leer ook kinderdoop.

Maar om òf grootdoop òf kinderdoop uitsluitlik as enigste vorm van doop te vereis, is teen die leer van die Skrif!

Laat ons as volwassenes in die geloof derhalwe liewer die groot stryd van die geloof bly stry, eerder as om soos kinders 'n groot stryd te voer oor groot- of kinderdoop!

Laat ons, soos Luther (W.A. 26,173,4), dit so treffend gestel het, liewer "weder*gelowiges* (widderglauber) as weder*dopers* (widdertauffler) wees." Dan sal die doop, namate die gedoopte kindjie groei en toeneem in geloof, sáám groei, sodat kinderdoop letterlik grootdoop word!

## BIBLIOGRAFIE


Aland, K. 1971. Taufe und Kindertaufe. Gutersloh: Mohn.

Balke, W. 1977. Calvyn en de Doperse Radikalen. Amsterdam: Ton Bolland.

Barnard, AC. 1984. Ek is gedoop. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Bavinck, H. 1967. Gereformeerde Dogmatiek. 4dle. Kampen: Kok.

Berkhof, L. 1969. The history of Christian doctrines. Pennsylvania: The Banner of Truth Trust.

Berkhouwer, GC. 1954. De Sacramenten. Kampen: Kok.

Brunner, P. 1962. Taufe en Glaube – Kindertaufe und Kinderglaube (*In* Pro Ecclesia.) Berlin: Lutherisches Verlagshaus.

Bijlsma, R. 1977. De doop. Kampen: Kok.

d'Assonville, VE. 1981. Die Gereformeerde Doopsformulier. Potchefstroom: Marnix.

Douma, J. 1979. Geloof en doop. *De Reformatie*, 55(8): 24 Nov.

Floor, L. 1983. Kinderdoop – Grootdoop – Herdoop. Potchefstroom: PU vir CHO (Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk nr. 181.)

Heyns, JA. 1981. Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kakes, H. 1953. De doop in de Nederlandse Belijdenisgeschriften. Kampen: Kok.

Konig, A. 1986. Die doop as kinderdoop en grootdoop. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Luther, M. 1520. De Captivitate Babylonica Ecclesiae Praeludium. A.A. 6:483-573.

Malan, CJ. 1986. Die kinderdoop. (*In* Van der Walt, BJ, *red.* Onderskeiding van die Geeste. Potchefstroom: PU vir CHO. Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk nr. 26.)

Ridderbos, HN. 1946. Het Evangelie naar Mattheus. Kampen: Kok.

Smit, CJ. 1984. Die belang van die doop vir u kind. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van der Walt, JJ. 1986. Teen hierdie strominge die kerk. (*In* Van der Walt, BJ, *red.* Onderskeiding van die geeste. Potchefstroom: PU vir CHO. Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk nr. 26.)

Van 't Spijker, W. 1983. Rondom de Doopvont. Kampen: De Groot Goudriaan.

Versteeg, JP. 1983. De doop volgens het Nieuwe Testament. (*In* Balke, W, Exalto, K, Van Driel, L, Van 't Spijker, W, *reds.* Rondom de Doopvont. Kampen: De Groot Goudriaan. p 9-133.)

Woelderink, JG. 1938. Het doopsformulier: een verhandeling over zijn leer van den Heiligen doop. 's Gravenhage: Guido de Bres.

Zwingli, H. 1828-1842. Opera. Schuler. Zurich: M. L. Schulthess, J.